SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: LANDBOUWEEKBLAD Date: 19-Mar-2004
Topic: 19 Ref No: 1800
1
ID: 03065216-01 Source Page: 67

# 'Niemand druk mark in bepaalde rigting'

Die buitelandse prys en die wisselkoers is die twee belangrikste faktore wat die binnelandse mielieprys bepaal, het prof. Johann Kirsten op die kongres gesê.

Kirsten, hoof van landbou-ekonomie aan die Universiteit van Pretoria, het gesê "niemand druk die mark in 'n bepaalde rigting nie."

Sy stelling kom ná kritiek uit regeringskringe op Graan SA se markruimte-aanbevelings aan boere. 'n Senior amptenaar van die nasionale Departement van Landbou het daarop gesinspeel dat Graan SA boere aanraai om minder te plant om die plaaslike mielieprys op te jaag.

Afgevaardigdes het besluit dat Graan SA, ondanks die kritiek, steeds markruimte-aanbevelings moet doen.

Mnr. Hannes Haasbroek van Bothaville het gesê oorproduksie is een van die faktore wat die volhoubaarheid van graanproduksie wêreldwyd die hardste tref. Daarom is die aanbevelings uiters noodsaaklik om 'n plaaslike oorskot te verhoed.

Dit is op betroubare inligting gegrond. In gesprekke met handelsbanke en landboumaatskappye het niemand foutgevind met die beginsel dat vraag en aanbod in ewewig gebring word nie.

Haasbroek het gesê Suid-Afrikaanse graanboere kan weens Amerika en die Europese Unie se se "drakoniese" hulpmaatreëls aan hul boere nie internasionaal meeding nie.

Die Wêreldhandelsorganisasie moet hierdie ongelyke speelveld deur verhoogde invoertariewe en die afskaffing van die subsidies regstel. Voordat dit nie gebeur nie, het plaaslike boere geen ander keuse nie as om net genoeg vir die plaaslike mark te produseer.